



## God is Orals

God is *orals*!

As ons rondom ons kyk, kan ons God nie sien nie. Maar Hy is *hier*. En *daar* is Hy ook. Hy is baie naby ons en Hy is hoog bo ons, in die hemel. En Hy is ver weg aan die ander kant van die aarde.

Omdat God *God* is, en omdat Hy 'n *Gees* is, kan Hy *op dieselfde tyd orals* wees. God is baie, baie groot!

Die Bybel vertel ons van 'n jong vrou met die naam Hagar. Sy was 'n slavin. Sara, Abraham se vrou, was Hagar se meesteres. Eendag het Hagar van haar meesteres weggehardloop, omdat Sara, haar meesteres, glad nie vriendelik met haar was nie. Hagar het toe ver weggegaan na 'n vreemde plek. Sy het gedink niemand is lief vir haar nie. Sy was baie ongelukkig. Sy het gaan sit by 'n waterput. Daar het sy gedink sy is alleen.

Maar sy was *nie* alleen nie. God was daar. *Hy* het haar gesien. Hy het geweet van haar probleem. Hy het geweet dat sy baie hartseer is. En Hy het haar liefgehad.

Skielik hoor Hagar dat God met haar praat! God sê "Hagar, gaan terug na jou meesteres. Doen wat sy vir jou sê om te doen. Ek sal vir jou sorg."

Hagar was *so* verbaas! Sy sê, "Ek het nie gedink God sal my *hier* sien nie! Maar Hy *het* my gesien!"

Hagar was bly. Sy het God gehoorsaam. Sy het

teruggegaan na haar meesteres, en God het vir haar gesorg.

Dit het Hagar baie *gelukkig* gemaak om te weet dat God haar sien. Sy was so hartseer, en sy het gedink dat sy heeltemal alleen was. Maar God het haar *al die tyd* raakgesien.

Dit behoort *ons* ook gelukkig te maak om te dink dat God orals is; dat Hy ons sien en dat ons *nooit* alleen is nie.

Wanneer jy saans gaan slaap, is God daar. Die kamer is dalk donker, maar jy hoef nie bang te wees nie. Wanneer jy allennig skool toe stap, is jy nooit *regtig* alleen nie. God is daar. Hy is by jou. Maak dit jou nie *gelukkig* om te weet dat Hy orals is nie?

Maar dit behoort ons ook *versigtig* te maak om te dink dat God altyd orals is.

As ons speel, is God daar. Hy sien wat ons doen. Hy hoor wat ons sê. As ons dit *onthou*, sal ons baie versigtig wees om net te sê en te doen waarvan Hy hou.

Dit behoort ons te laat *wonder* om te dink dat God orals is.

*Jy* kan net in een plek op 'n slag wees. As jy by die huis is, is jy nie by die skool nie. As jy hier is, in hierdie kamer, is jy nie buite nie. Maar *God* is orals. Kyk bietjie op na die groot wye lug. Kyk op na die sterre. Kyk oral rondom jou. Dink dan "God is *orals*! **ORALS!**"

Hoe wonderlik is God!

### Gesels hieroor:

1. Hoe kan God dan orals wees?
2. Hoekom moet dit ons gelukkig maak om te weet dat Hy altyd orals is?

## **God vertel ons dat Hy orals is:**

*“Vervul Ek nie die hemel en die aarde nie? spreek die HERE.”*

(Jeremia 23:24).

## **Wat ons kan lees:**

*Psalm 95:1-6*

## **Wat ons kan sing:**

Hagar en haar meesteres  
het maar hul geskille -  
daar's geen vrede tussen hulle –  
daarom loop sy weg.

Sy dink Sara is gemeen -  
niemand hou van haar nie,  
maar sy weet nie God is daar nie -  
sy voel so alleen.

God is oral om ons heen,  
ken selfs my gedagte  
in die dae of donker nagte -  
ons is nooit alleen!

## **Gebed:**

*O God, dit maak ons gelukkig om te dink dat U altyd met ons is. U sien ons altyd. Help ons om te onthou dat U altyd baie naby is. Amen.*

Marian Schoolland

© 2018  
[www.christelikemedia.org](http://www.christelikemedia.org)

*Hierdie hoofstuk uit 'Leading Little Ones to God'  
is deur Marianne Bron vertaal.*